KONSTITUSIE VAN DIE WES-KAAPSE VERENIGING VIR SPELTERAPIE

1. NAAM

Afrikaans: Wes-Kaapse Vereniging vir Spelterapie
Engels: Western Cape Association for Play Therapy

2. ADRES

Posadres – Kinder-, Jeug- en Familiestudies, Posbus 16, WELLINGTON, 7654
Fisiese adres – Kerkstraat, WELLINGTON, 7654

3. WOORDOMSKRYWING

Dagbestuur

Die dagbestuur bestaan uit die volgende portefeuljes: Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaresse, Tesourier en een Addisionele Lid.

Gewone besluit

Meerderheid stem deur die stemgeregtigde persone teenwoordig by die vergadering.

Spesiale besluit

Twee derdes meerderheid stem deur die stem geregtigde persone teenwoordig by die vergadering.

Stemgeregtigde persoon

Slegs lede van die betrokke vereniging sal geregtig wees om te stem by enige vergadering.

Lidmaatskapfooie

Lidmaatskapfooie is ‘n fooi wat jaarliks betaalbaar is om lid van die vereniging te wees.

Daggelde

Daggelde is betaalbaar deur persone wat as besoekers of gaste slegs sekere vergaderings bywoon.

4. GEOGRAFIESE AREA

Die Provinsiale grense van die Wes-Kaap dien as die grense van die betrokke vereniging se geografiese gebied. Persone vanuit ander Provinsies kan as besoekers en gaste geakkomodeer word.

5. DOELSTELLING

Die daarstelling van ‘n professionele liggaam vir spelterapeute en ander persone in die Wes-Kaap Provinsie betrokke by dienslewering aan die kind.

6. DOELWITTE

- Professionele ondersteuning aan lede onderling
- Die uitbou en ontwikkeling van diensleweringsvaardighede
- Die daarstelling van interdissiplinêre skakeling
- Die daarstelling van leergeleenthede, byvoorbeeld in die vorm van studiegroepe
- Geleentheid tot onderlinge sosiale skakeling

7. KOMITEES

Dagbestuur

Tydens die algemene jaarvergadering sal die dagbestuur by wyse van ‘n gewone besluit verkies word vir ‘n dienstydperk van een jaar. Bestaande dagbestuurslede kan herkies word indien hulle hulself beskikbaar sou stel, maar is beperk tot ‘n maksimum dienstermyn as dagbestuurslid van vier (4) jaar.

Indien ‘n dagbestuurslid bedank sal daar ‘n waarnemende persoon deur die voorsitter aangewys word. Op die volgende gewone vergadering sal ‘n plaasvervangende dagbestuurslid by wyse van ‘n gewone besluit verkies word.

Subkomitees

Subkomitees kan saamgestel word na gelang van behoeftes wat deur die lede van die Vereniging geidentifiseer word.

Subkomitees sal by wyse van ‘n gewone besluit by enige gewone vergadering ingestel word en die lede van sodanige subkomitee sal ook by wyse van ‘n gewone besluit verkies word.

8. VERGADERINGS

Daar sal vier byeenkomste per jaar plaasvind. Twee van die byeenkomste sal deur ‘n vergadering voorafgegaan word – een in Februarie en een in November van die spesifieke jaar. Laasgenoemde vergadering sal die Jaarvergadering wees. Die derde byeenkoms sal slegs ‘n studiegroep wees.

Die vierde byeenkoms sal in die vorm van ‘n werkswinkel wees. Skriftelike kennis van die datum, tyd en plek van die algemene jaarvergadering sal minstens VEERTIEN (14) kalenderdae voor die tyd gegee word. Tydens die algemene jaarvergadering moet verslae deur die voorsitter en tesourier voorgelê word.

9. LIDMAATSKAP

Kwalifikasie vereiste

Lidmaatskap word oopgestel vir enige persoon wat belangstel in terapeutiese dienslewering aan kinders.

Lidmaatskapsfooie

Lidmaatskapfooie en daggelde word jaarliks by wyse van ‘n gewone besluit op die algemene jaarvergadering vasgestel. Lidmaatskapsfooie is op ‘n jaarlikse basis betaalbaar en daggelde is direk voor die aanvang van die betrokke vergadering betaalbaar.

10. FINANSIES

Die tesourier is verantwoordelik vir die volledige boekhouding van die vereniging se finansies. Die vereniging se finansiele rekord sal jaarliks deur ‘n eksterne persoon geoudit word en verslag van geouditeerde state sal deur die tesourier by die algemene jaarvergadering aan die lede gedoen word.

11. WYSIGINGS

Voorstelle vir enige wysigings van hierdie konstitusie kan tydens die algemene jaarvergadering gemaak word. Sodanige wysiging sal by wyse van ‘n spesiale besluit aanvaar of afgekeur word.

12. ONTBINDING

Ontbinding van hierdie vereniging sal geskied by wyse van ‘n spesiale besluit op ‘n algemene jaarvergadering, mits daar saam met die skriftelike kennisgewing van die betrokke vergadering ook kennis gegee is die voorneme om die besluit aangaande ontbinding te neem.

Ontbinding kan ook geskied by wyse van ‘n spesiale besluit op ‘n spesiale vergadering wat belê word by wyse van een en twintig (21) dae skriftelike kennis aan alle lede met melding van die voorneme om te ontbind.

Einge fondse wat aan die vereniging behoort op stadium van ontbinding sal oorgedra word aan die Instituut vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies te Wellington.

Hierdie konstitusie is goedgekeur op die Jaarvergadering van 5 November 2009 te Tygerbeer Opleidingsentrum.

VOORSITTER

6 November 2009
Datum